# VITA TOM, 1863 - 1937: 'N NAVORSINGSPERSPEKTIEF

**E.L.P. Stals**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Stellenbosch*
*Stellenbosch 7600*

**Vita Tom, 1863-1937: a research perspective**

Born in Otjimbingwe (Namibia) as the son of a Tswana man and a Herero woman of noble birth, Vita (or Oorlog) Tom was bestowed with traditional authority. In about 1871 he moved as young lad, together with his father, from Omaruru to Humpata (Southern Angola). The Portuguese authorities recognised the leadership qualities of both father and son and around the turn of the century Vita Tom became an ally in several Portuguese expeditions against resisting and troublesome tribes along the Angola-SWA border - as did Afrikaner immigrants from the Transvaal. During his 45 years' stay in Angola he established a formidable following and influence, strengthened by extensive marital relationships. But he also had to cope with internal dissent by Himba and Herero factions amongst his subordinates. Vita finally moved to Otjiyanyasemo in Kaokoland in 1917, where the new South African administration expected of him to keep peace and order. Deterioration of traditional structures, the increasing role of officials, ongoing ethnic dissent and finally Vita's ill-health, led to the installation of a limited tribal council system.

Vita's life presents a useful case study illustrating aspects of the interplay between tradition, divergence, individuality and colonial systems.

Gebore op Otjimbingwe (Namibië) as die seun van 'n Tswanaman en 'n Hererovrou van adellike afkoms was Vita (of Oorlog) Tom met tradisionele gesag beklee. In ongeveer 1871 het hy as jong seun saam met sy vader vanaf Omaruru na Humpata (Suid-Angola) verhuis. Die Portugese owerheid het albei se leierskapshoedanighede raakgesien en rondom die eeuwending was Vita Tom 'n bondgenoot tydens verskeie Portugese ekspedisies teen stamme wat weerstand gebied en onrus veroorsaak het langs die grens tussen Angola en Suidwes-Afrika - soos ook Afrikanerimmigrante vanaf Transvaal. Gedurende sy 45-jarige verblyf in Angola het Vita 'n aansienlike gevolg en invloed opgebou, wat deur uitgebreide huweliksverbintenisse versterk is. Hy het egter ook met interne onenigheid onder Himba- en Hererofaksies onder sy onderdane te doen gehad. Vita het uiteindelik in 1917 na Otjiyanyasemo in Kaokoland verskuif, waar die nuwe Suid-Afrikaanse administrasie van hom verwag het om vrede en orde te handhaaf. Verswakking van die tradisionele strukture, 'n groter rol van amptenare, voortgaande etniese onmin en uiteindelik Vita se swak gesondheid het tot die instelling van 'n beperkte stamraadstelsel gelei.

Vita se lewe bied 'n nuttige gevallestudie waarin aspekte van die wisselwerking tussen tradisie, variansie, individualiteit en koloniale stelsels geïllustreer word.

Vita Tom, of Oorlog Tom soos hy in Suid-Angola en in Kaokoland onder sy mense bekend gestaan het, se lewe strek oor feitlik 'n driekwarteeu en speel af in 'n tydperk waarin sy omgewing vanaf 'n pre-koloniale fase tot in die hoogty van kolonialisme beweeg het. Sy geskiedenis bied 'n voorbeeld van hoe afkomstradisie sowel as elemente van die koloniale stelsel die karakter van 'n persoon se leiersrol en aktiwiteite gevorm het. Vita se hantering van hierdie invloede maak van hom 'n


*Historia 39(1), Mei 1994*

interessante figuur in die vloeiende persepsiedebat oor die deugde en ondeugde van tradisionele en koloniale gemeenskappe.

Vita se lewe het hom in drie geografiese omgewings afgespeel. Hy het sy vroeë kinderjare vanaf sy geboorte tot ongeveer sy agste jaar in die Hererogemeenskappe van Otjimbingwe en Omaruru in die huidige Namibië deurgebring. Daarna het hy vir ongeveer 45 jaar in Suid-Angola gewoon en tot 'n leiersfiguur in sy omgewing gegroei. Uiteindelik het hy vir die laaste twintig jaar van sy lewe 'n sterk, maar dikwels omstrede, leiersrol in die noordelike deel van Kaokoland in die noordweste van die huidige Namibië gespeel.

## 1. **Hereroland**

Anders as in die geval van baie ander van sy tydgenote, is die geboortedatum van Vita Tom met 'n groot mate van presiesheid bepaalbaar. Sy naam Vita, wat "oorlog" beteken, word in verband gebring met 'n geveg - die eerste in 'n reeks botsings tussen Herero aan die een kant en Nama en Oorlams aan die ander kant - wat, soos uit verskeie bronne bevestig kan word, op Maandag 15 Junie 1863 op Otjimbingwe aan die Swakoprivier plaasgevind het.[1] Hy was die seun van Bechuana Tom, of Tom Botswana, wat 'n aantal jare tevore uit die huidige Botswana daarheen verhuis het, en Kaitundu. Kaitundu was die dogter van Kahitondereko, suster van die latere Hererostamhoof van Omaruru, Manasse Tjiseseta, wat weer met 'n dogter van stamhoof Willem Zeraua van Otjimbingwe getroud was. Laasgenoemde het vanweë verwantskap weer in 'n senior posisie teenoor Kamaharero (of Maharero) gestaan, wat in die jare hierna die vernaamste Hereroleier sou word. Vita se verwantskap kan só voorgestel word:




Bv. J. Metzkes, *Otjimbingwe. Aus alten Tagen einer rheinischen Missionsstation im Hererolande, Südwestafrika, 1849-1890* (Windhoek, 1962), pp. 27-32.

Ooreenkomstig Hererotradisie het Vita Tom 'n belangrike status uit sy verwantskap met die hoofmansfamilie van Zeraua verkry, aangesien hy deur sy verwante aan moederskant lid van 'n vooraanstaande matrilineêre Herero-clan, naamlik die Omukweyuva-*eanda*, geword het, waarvan Manasse ook 'n lid was. Sy verbintenis met Manasse is verder versterk as gevolg van die feit dat sy moeder Kaitundu kort na sy geboorte gesterf het en hy deur haar moeder, Kahitondereko, wat Manasse se suster was, grootgemaak is. Daardeur het Manasse die jong Vita se *ongundwe* of sosiologiese vader geword.[2]


Zeraua het vanweë die swak reënseisoen van 1867/68 besluit om met sy mense, onder wie Manasse Tjiseseta, na Okozondje (Omaruru) te versit. Omaruru se belangrikheid het verder toegeneem as gevolg van die feit dat dit vanaf die begin van die sewentigerjare Otjimbingwe vervang het as die basis waarvandaan blanke handelaars en jagters hulle aktiwiteite in Hereroland, Ngami, Ovambo en suidelike Angola onderneem het. Tom Botswana, wat meermale saam met die bekende Charles John Andersson (oorlede in 1867) op reis gegaan het, het in (waarskynlik) 1871 saam met Frederick Green op 'n jagtog na die Kavangorivier en daarvandaan weswaarts na die Ondongastamgebied in Ovambo vertrek. Die jong Vita het geweier om agter te bly, en is met die toestemming van sy oom Manasse saam met sy vader.[3] In Ondonga het Tom en Vita by die geselskap van Axel Wilhelm Eriksson, die hooffiguur onder die Omaruru-handelaars en vroeëre volgeling van Andersson, aangesluit en noordwaarts na N'Giva, die setel van die Kwanyama-stamhoof, getrek. Daarvandaan het hulle wes oor die Kunene na die Portugese fort by Humbe en uiteindelik na die omgewing van Humpata in Suidwes-Angola gegaan. Die Portugese owerheid in die omgewing was begerig dat Tom met sy ervaring hom daar moet vestig en hy en sy seun het gevolglik naby Humpata aan die Nevesrivier gaan woon.[4]

## 2. Angola

Die stamme tussen die Kunene- en Kavangoriviere het in hierdie stadium nog heeltemal los van Portugese beheer gestaan. Hoewel die Portugese teenwoordigheid reeds vanaf die hawedorp Mossamedes (vandag Namibe) tot aan die Kunene gestrek het, is die suidelike grens van die Portugese gesagsgebied eers in 1886 in 'n verdrag met Duitsland vasgestel. Portugese pogings om nedersettings in die gebied te vestig het op probleme soos onwilligheid by koloniste om landbou te beoefen en onveiligheid gestrand. Hoewel die regeringskantoor by Huila, wat op die rand van die hoogland nie ver van Humpata af nie geleë was, reeds in 1845 ingerig[5] en 'n militêre pos later by Humbe geplaas is, het die weerstand van die inwoners van die gebied dit 'n onvriendelike omgewing vir nedersetters en handelaars gemaak. Die verskyning en vestiging van mense soos Tom Botswana, en in Augustus 1880 ook die eerste Transvaalse trekkers, in die Huila-distrik was gevolglik volkome met die oogmerke van Portugese kolonisasie versoenbaar.

---

2. Nasionale Argief, Windhoek (NAW): E.L.P. Stals en A. Otto-Reiner, 'Oorlog en vrede aan die Kunene. Die verhaal van Kaptein Vita Tom 1863-1937' (Ongepubliseerde ms., 1990), pp. 3, 11-13; E.L.P. Stals (red.), *The commissions of W.C. Palgrave, special emissary to South West Africa, 1876-1885* (Van Riebeeck-Vereniging, Kaapstad, 1991), p. 20.
3. NAW: ADM 156 Major Manning Kaokoveld Report, 1917-1932, General Kaokoveld report by Major C.N. Manning, Nov. 1917, pp. 53-54; Onderhoud, E.L.P. Stals met Joël Kapi e.a., Okorosave, 20-2-1989; E.L.P. Stals, Die aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850-1915, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1968 II, p. 304.
4. N.J. van Warmelo, *Notes on the Kaokoveld (South West Africa) and its people* (Heruitgawe, Staatsdrukker, 1962), p. 17; NAW: ADM 156 Kaokoveld report Manning, Nov. 1917, p. 53.
5. R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815-1910. A study in uneconomic imperialism* (Stanford, 1966), p. 66.


12°
14°
16°
18°
20°
14°
16°
18°
20°
22°
ANGOLA
MOÇAMEDES
CHELA
HUILA
Humpata
Lubango (Sa da Bandeira)
Huila
Neves
Chevia
Namibe
(Moçamedes)
Ombokolo
Kwanyama
Nkhumbi
Vale
Evanda
Humbe
N'Giva
Kwanyama
Ohamuhenge
Otjimuhaka
(Swartbooisdrif)
Kwamatwi
Kunene
Okangwati
Ruacana
Otjiyanyasemo
Ehomba
Uukwanyama
Omuhonga
Ombepera
Epembe
Uukwaluudhi
KAOKO
Oruhona
Ondangwa
Opuwo
Olukonda
Okorosaave
Kaoko-Otavi
Kavango
ETOSHA
Otjitundua
Namutoni
Karakuwisa
Hoarusib
Kawas Okawa
Sesfontein
Otjokuvare
Tsumeb
Hoanib
Otjituwo
Outjo
WATERBERG
Omuramba wa Hatako
Ugab
ATLANTIESE OSEAAN
Omaruru
Okahandja
Otjimbingwe
Swakop
WINDHOEK
Gobabis

Aan die begin van die tagtigerjare was Vita Tom 'n jongman van sewentien jaar oud en was vanweë drie redes besig om vir hom in eie reg naam te maak. Sy vader, wat reeds sowat veertig jaar oud was, was 'n gesiene persoon en op goeie voet met sowel die owerheid as die inwoners van die omgewing. Vita self het 'n sterk persoonlikheid ontwikkel. Maar die belangrikste faktor was die feit dat hy uit 'n belangrike Herero-hoofmansfamilie gestam en 'n groep volgelinge rondom hom versamel het wat mettertyd gegroei en groot invloed en status aan hom in die omgewing gegee het. In hierdie stadium was die meeste van sy volgelinge Himba en Tjimba, wat vanweë die optrede van Swartbooi-Nama van Sesfontein uit hulle tradisionele woongebied, Kaokoland, padgegee en veiligheid in Angola gesoek het.[6] Die noue etniese bande wat die Himba en Tjimba met die Herero gehad het, het meegebring dat Vita, eerder as sy pa, deur hulle as leier gesien is, omdat sy afkoms selfs ook in hierdie uithoeke erken en gerespekteer is.

Daar het in twee opsigte noue bande tussen Vita en die Afrikaner-Boere in Suid-Angola ontwikkel. Op die meer persoonlike vlak het sy vader Tom Botswana in die huwelik getree met Katryn, 'n dogter van Veer Dreyer en Ragel, wat werknemers by die Afrikaners was. Dit het beteken dat die vier seuns en vyf dogters wat uit dié huwelik gebore is stiefbroers en -susters van Vita geword het, hoewel hy heelwat ouer as hulle was.[7] Omdat Katryn in baie opsigte aan die lewenswyse van die Afrikaners gewoond was, is haar man en hulle kinders ook sterk daardeur beïnvloed en selfs Vita het hierdie invloed ondergaan, sodat hy in die omgang al meer op die Afrikaans-Hollandse vorm van sy naam, naamlik Oorlog Tom, bekend gestaan het. Nouer verbintenisse met die Afrikaners het voorts ook gevloei uit die feit dat die Portugese owerheid hulle sowel as die Tom-groep in hulle optrede teen die stamme van Suid-Angola betrek het.

Toe dit teen 1885 duidelik was dat Duitsland besig was om sy invloed vanaf Namaland in die suide tot aan die Kunene en Kavango in die noorde te vestig en die Berlynse Konferensie ooreengekom het dat lande wat gebiede in Afrika wou koloniseer, bewys moes lewer dat hulle daardie gebiede effektief beset, het dit vir die Portugese gesag in Angola belangrik geword om stamme in Suid-Angola soos die Nkhumbi, Kwamatwi, Vale en Kwanyama, wat hulle nog altyd teen Portugese heerskappy verset het, te onderwerp. Op dié wyse het Oorlog Tom met sy aanhangers sowel as die Afrikaner-Boere 'n instrument geword in die groot spel tussen koloniale moondhede in die grensgebied tussen Angola en die nuwe Duitse kolonie Suidwes-Afrika. Hulle belange het in soverre met dié van die Portugese ooreengestem dat hulle veiligheid en ordelike bestuur begeer het in die gebied waar hulle gevestig was. 'n Bykomende oorweging vir die twee partye om die owerheid in sy optrede te ondersteun, was die vergoeding wat aan deelname aan sulke veldtogte verbonde was, naamlik 'n daaglikse loon en betaling vir die beskikbaarstelling van private ryperde en waens.[8]

In 1885 is 'n ekspedisie, bestaande uit 93 Portugese soldate en 282 vrywilligers, teen die Nkhumbi uitgestuur. Die vrywilligers het uit 38 Boere, 'n groep van 44 Herero (wat waarskynlik Himba ingesluit het) en San onder Oorlog se aanvoering, 150 Mbundu en vyftig Bandima (wat ook as Herero beskryf word, maar moontlik met die Dimba of Zemba in verband gebring kan word) bestaan. Die uitwerking van die veldtog het die woelinge vir sowat vyf jaar lank gedemp, maar aan die begin van 1891 is weer 'n ekspedisie teen die Nkhumbi beplan, waaraan twintig Boere en Oorlog met 'n aantal volgelinge deelgeneem het. Die probleme wat in die gebied voorgekom het - hoofsaaklik gewelddadige roof en belemmering van verkeer - het egter eerder toe- as afgeneem. Duitse bedrywighede na die suide en toenemende jag-, handels- en sendingaktiwiteite het druk op die stamme in die grensgebied geplaas, wat tot 'n eskalasie van geweld aanleiding gegee het. Steeds groter veldtogte was genoodsaak, waaronder dié teen (nogmaals) die Nkhumbi (1898), Huambo en

6. N.J. van Warmelo, *Notes*, p.17.
7. E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba* (Windhoek, 1988), pp. 1 en 5 en genealogie.
8. P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880-1928)* (Johannesburg, 1951), pp. 76-77; Onderhoud, E.L.P. Stals met Ngombe en hoofman Johannes Ruiter, Okangwati, 8-11-1987.

Kandumbo (1902), Kwamatwi (1904, 1906-1907), Mulondo (1905), Kavango (1909), Vale (1909) en uiteindelik die Kwanyama (1915). Oorlog sowel as die Boere het aan die meeste van hierdie veldtogte deelgeneem en sodoende vir hulle 'n goeie reputasie as vegters opgebou. Oorlog het na die tweede veldtog teen die Kwamatwi die medalje in silwer van die Portugese ontvang uit erkenning vir die waardevolle diens wat hy en sy mense gelewer het.[9]

Oorlog Tom se status as hoofman kragtens die Herero-tradisie en die aansien en leiersposisie wat hy verwerf het, het nie net meegebring dat die Portugese owerheid waarde aan sy bondgenootskap geheg het nie, maar sy eie volgelinge het bepaalde verwagtinge van hom gekoester. Hy moes na hulle belange omsien, dispute hanteer en uitsprake met betrekking tot die vererwing van gestorwe boedels gee. Om die nodige gesag hiervoor te monster, het hy sy leiersvernuf in die langdurige debatte wat met dergelike aangeleenthede gepaard gegaan het, aangewend en sowel persone van aansien van die gemeenskap as 'n groep gewapende jongmanne om hom saamgetrek. Terwyl hy aan die een kant groot agting afgedwing het, was dit veral vir 'n sterk persoonlikheid soos hy onvermydelik om ook vyande te maak - veral by die dele van die bevolking wat nie onder sy gesag geval het nie. Oorlog se gevolg het met die loop van jare gegroei en ook 'n groter verskeidenheid begin vertoon, sodat dit benewens Himba en Tjimba ook San, Herero en mense van Nama- en gemengde herkoms ingesluit het.

Belangrike gebeure het intussen in die sentrale dele van Suidwes-Afrika plaasgevind. Die lotgevalle van die Herero in Hereroland het bepaalde implikasies vir Oorlog gehad. Die Herero-opperhoof Maharero is in 1890 in Okahandja oorlede en sy seun Samuel het sy plek ingeneem. Op Omaruru is Zeraua in 1876 oorlede en Manasse Tjiseseta in 1898.[10] Samuel se posisie as opperhoof was van die ondersteuning van die verskillende Herero-groeperinge afhanklik en dit was dus nie vanselfsprekend dat hulle altyd sy gesag aanvaar het nie. Hulle het toenemend besorgd geraak oor die uitwerking van handel en die vestiging van Duitse koloniste op die posisie van die Herero en het uiteindelik vir Samuel in 1904 gedwing om teen die Duitse gesag in opstand te kom. Opstandelinge het ná die finale nederlaag by Waterberg na gebiede soos Betsjoeanaland en Angola uitgewyk.[11] In Angola wes van die Kunene het die vlugtelinge gevind dat Oorlog Tom deur die owerheid in 'n gesagsposisie geplaas was en hulle moes hulle daarna skik. Die feit dat hulle in Okahandja, Omaruru en Otjozondjupa (Waterberg) onder verskillende stamhoofde gestaan het, het egter mettertyd tot probleme in hulle verhouding tot Oorlog aanleiding gegee.

Vanweë die feit dat sy seun 'n eie huishouding en sosiale status verwerf het, het Tom Botswana hom aangeraai om sy woonplek van Neves af weg te skuif na 'n plek wat hy Chevia genoem het. Dit het ongeveer rondom die jaar 1900 gebeur.[12] Oorlog se gesin was besig om uit te brei: uiteindelik het hy altesaam twintig huwelike gesluit, waarvan die datums ongelukkig nie bekend is nie.[13] 'n Belangrike doel en gevolg van die huwelike was dat hy 'n wye netwerk van familieverbintenisse opgebou het wat sy aansien en invloed al wyer laat kring het. By Chevia het sy probleme egter ook vermeerder. Die Herero wat van Omaruru afkomstig was, was uit die aard van die saak meer direk aan hom verwant en het hulle direk by hom gevestig. Die Herero-vlugtelinge van die Okahandja-groep het hulle ook vir 'n aantal jare by hom gevestig en hom as hulle hoofman

---

9. Vgl. P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu*, pp. 42-163 en die ongepubliseerde proefskrif (Universiteit van Kaapstad, 1976) van H.F. Heese, *Die Afrikaners in Angola*, vir volledige besonderhede.
E.L.P. Stals, *The commissions of W.C. Palgrave*, pp. 20-21; G. Pool, *Die Herero-opstand, 1904-1907* (Kaapstad, 1979), p. 100.
11. Kyk G. Pool, *Die Herero-opstand*, vir 'n volledige relaas.
12. NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklaring deur Oorlog getitel 'Omaruru vs Okahandja', p. 1.
13. Kyk volledige genealogie van Oorlog Tom in NAW: E.L.P. Stals en A. Otto-Reiner, 'Oorlog en vrede aan die Kunene'.

erken, maar hulle het mettertyd geneig om van hom af te skei en vir Salatiël Kambazembi (wat eintlik tot die Waterberg-groep behoort en *via* Betsjoeanaland en die Kavango by Oorlog se volgelinge aangesluit het) as hulle hoofman te beskou. Dié houding het onder andere daaruit voortgevloei dat hulle gemeen het dat hy hulle nie op gelyke voet behandel het by die verdeling van die vergoeding vir hulle deelname aan die Portugese ekspedisies nie.[14] Die Himba onder sy volgelinge was hoofsaaklik van suid van die Kunene afkomstig en dus nie bloedverwante nie. Hulle was egter Herero-sprekend en het historiese en etniese bande met die Herero gehad. Oorlog se sesde vrou, asook van sy latere vrouens, was Himba, wat aan hom 'n nouer verbintenis met daardie gemeenskap gegee het, maar oor die algemeen het die Himba in Angola nie 'n integrale deel van Oorlog se gevolg gevorm nie, hoewel hulle hom as hoofman erken het. Die vernaamste leier van die Himba in Angola was Muhona Katiti, wat weens vrees vir die Swartboois uit Kaokoland padgegee en hom onder Oorlog se beskerming geplaas het. Oorlog se Nama-volgelinge was meestal deur sy vroeë huwelike, onder wie daar vier Nama-vroue was, aan hom verbind. Ten slotte was daar dié volgelinge wat Oorlamse genoem is en uit die geledere van die werknemers van die Afrikaner-Boere in Angola gekom het.

Na 'n verblyf van nagenoeg 45 jaar in Suidwes-Angola het Oorlog Tom in 1916 besluit om die land te verlaat en suidwaarts te versit. Hy het twee redes vir hierdie besluit aangevoer. Na soveel jare was hy moeg vir 'n lewe van militêre veldtogte, waarvoor hy ook gemeen het hy nie voldoende vergoed was nie.[15] Verder het hy geredeneer dat die beëindiging van Duitse gesag in Suidwes-Afrika in 1915 die pad vir hom oopgemaak het om na sy mense terug te gaan, na wie hy nou hierdie stadium van sy lewe 'n verlange gehad het.[16] As verdere redes sou aangevoer kon word dat daar ten spyte van die jarelange militêre optrede nog steeds nie vrede en veiligheid in die omgewing geheers het nie, asook die feit dat die owerheid hom daarvan beskuldig het dat hy hom aan ongeoorloofde optrede skuldig gemaak het in die uitoefening van sy hoofmanskap en amptelike gesagsposisie. Hy het gevolglik na afloop van die veldtog teen die Kwanyama suidwaarts oor die Kunene versit en 'n tydelike verblyf by Otjiyanyasemo in Kaokoland ingerig. Van die Himba wat saam met hom teruggekeer het, het ooswaarts langs die Sebraberge uitgesprei en oral verspreide groepies Tjimba aangetref, wie se vernaamste leier, Kasupi van Ombepera, die trekkers verwelkom het.[17] Nie al Oorlog se verwante en volgelinge het saam met hom getrek nie. Miskien was dit een van die redes waarom hy na 'n kort verblyf in Kaokoland 'n uitnodiging van die Portugese aanvaar het om weer na Angola terug te keer en hom nie by Chevia nie, maar by Evanda, nader aan die Kunene, te vestig.

Te oordeel aan mondelinge getuienis was Oorlog se militêre betrokkenheid na sy terugkeer in Angola beperk tot twee strafekspedisies wat hy op sy eie teen die Vale onderneem het. Dit, en gerugte dat hy en sy mense hulle aan veediefstal en selfs moorde skuldig gemaak het, het hom die gramskap van die Portugese op die hals gehaal en toe hulle pogings aanwend om hom in hegtenis te neem, het hy in 1917 inderhaas opnuut suidwaarts padgegee en die Kunene by die Ohamuhenge-drif oorgesteek.[18] Hy het hom weer by Otjiyanyasemo gevestig en mettertyd 'n groot kraal op die

---

14. Onderhoud met Ngombe en hoofman Johannes Ruiter, Okangwati, 8-11-1987; NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklarings deur Thomas Mutate, Martin Katherewi, Wilhelm Tjirie en Oorlog Tom.
15. NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklaring deur Martin Katherewi, asook deur Oorlog Tom getitel 'Omaruru vs Okahandja'.
16. Onderhoud, E.L.P. Stals met Joël Kapi e.a., Okorosave, 21-2-1989.
17. NAW: RCO 8 Manning's tours, 1919, Second tour Kaokoveld by Major C.N. Manning, Report, 25-8-1919, p. 33; Onderhoud, E.L.P. Stals met hoofman Johannes Ruiter, Otjiyanyasemo, 8-11-1987.

Onderhoude, E.L.P. Stals met hoofman Johannes Ruiter, Otjiyanyasemo, 8-11-1987 en Joël Kapi e.a., Okorosave, 20 en 21-2-1989; NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklaring deur Martin Katherewi.

tradisionele Herero-patroon uitgelê.[19]

### 3. Kaoko

Kaokoland het in 1884 deel van die Duitse kolonie Suidwes-Afrika geword, maar die Duitse gesag het vanweë die afgeleënheid van die streek nooit enige noemenswaardige rol daar gespeel nie. Die bevolking van die gebied was yl versprei by die watergate of fonteine wat uit die kalkformasies opgespring het en het bestaan uit Nama in die omgewing van Sesfontein, Himba in die noordoostelike gedeelte en Tjimba meer na die noordweste, benewens enkele Nu-khoin of Bergdamara in die randgebied van die Namibwoestyn. Daar was baie wild wat nie net aan die inwoners voedsel voorsien het nie, maar ook 'n aantrekkingskrag vir Portugese en Boerejagters uit Angola was.[20]

Oorlog se gevolg by Otjiyanyasemo het in 1917 sowat 200 getel. Terwyl die Tjimba-hoofman Kasupi gunstig teenoor hom gestaan het, het Muhona Katiti, die Himba-hoofman wat 'n tydlank beskerming by hom in Angola kom soek het en nou ook weer in die omgewing van Omuhonga gevestig was, hom as 'n indringer in die gebied beskou. Klagtes van moord, roof en onwettige jag wat Muhona teen Oorlog by die naaste polisiepos van die nuwe Suid-Afrikaanse Administrasie op Kawas Okawa aanhangig gemaak het, het daartoe gelei dat Oorlog sy kant van die saak tot in Windhoek gaan stel het,[21] en die Administrasie besluit het om die Resident-Kommissaris in Ovamboland, C.N. Manning (onder wie se verantwoordelikheid die Kaokoveld ook geval het), daarheen te stuur om ter plaatse ondersoek in te stel. Oorlog en Muhona het tydens sy besoek tot 'n vriendskaplike verstandhouding gekom, maar hernude klagtes het twee jaar later in 1919 tot 'n tweede besoek van Manning gelei en in 1923 tot 'n derde besoek. Oorlog het van Manning se besoeke gebruik gemaak om sy eintlike begeerte teenoor die Administrasie te bepleit, naamlik om na sy plek van herkoms, Omaruru, terug te keer.[22] Die Administrasie wou nie daartoe toestem nie omdat leefruimte daar weens die uitgee van plase beperk geraak het en hulle 'n rol vir hom in Kaokoland gevisualiseer het. Oorlog het ook mettertyd besef dat hy hom nie so maklik ná vyftig jaar weer in die suide sou kon aanpas nie en waarskynlik vanweë maatreëls teen veesiektes aansienlike verliese sou ly.

Oorlog, wat verskeie tale soos Herero, Afrikaans, Portugees, Tswana en selfs Duits kon praat, wou dit graag vermy om in sy nuwe omgewing in militêre aktiwiteite betrokke te raak. Hy het dus uit sy pad gegaan om met die owerheid op goeie voet te bly en het sy samewerking gegee vir Manning se pogings om die Kaokoveldse bevolking te ontwapen. Vir die Administrasie was dit belangrik dat probleme soos die traagheid van Muhona Katiti om die veranderde situasie te aanvaar, die moeilike beheer van die deurgange deur die Kunene, die gevaar van die verspreiding van longsiekte onder die beeste, vernietiging van die omgewing deur veldbrande en die uitroei van wild deur onwettige jag, hanteer word. Hulle wou graag hê dat Oorlog as 'n sterk figuur daar moes bly en verantwoordelikheid vir dié sake aanvaar. Manning het Muhona se vrees dat Oorlog hom sou

19. Ondersoek ter plaatse deur en mondelinge mededelings aan E.L.P. Stals toon dat die sirkelvormige nedersetting, wat oor 'n tydperk vorm aangeneem het, uiteindelik 'n deursnit van ongeveer 250 meter gehad en benewens die hoofhut, beeskraal, heilige vuur (*okuruwo*) en raadsboom (*omuve*) nog 27 hutte ingesluit het.

20. J. von Moltke, *Jagkonings* (Tweede druk, Kaapstad, 1945), pp. 161, 212 e.v.; E.L.P. Stals, *Die rol van Viktor Franke in Suidwes-Afrika, 1896-1915* (RAU-publikasiereeks B5, 1972), pp. 23-28.

21. NAW: ADM 156 Major Manning Kaokoveld Report, 1917-1932, General Kaokoveld Report by Major C.N. Manning, Nov. 1917, p. 56; NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklaring deur Thomas Mutate; ADM 139 C.14 Portuguese subjects. Illicit trading in the Kaokoveld S.W.P., 1917-1918, Kopie Telegram Regcom Outjo - HK Troops Windhoek, 1-6-1917, en E.H.L. Gorges - Secretary for Defence, Kaapstad, 6-6-1917.

22. Vgl. NAW: RCO 8 Manning's tours, 1919, Second tour Kaokoveld by Major C.N. Manning, Report, 25-8-1919, pp. 7-9, 32-36.

oorheers en inbreuk op sy gebied en regte sou maak, probeer versag en op sy aanbeveling is by wyse van Goewermentskennisgewing 122 van 1923 drie woonareas of reservate in noordelike Kaokoland geproklameer, vir Oorlog, Muhona Katiti en Kasupi.[23] Oorlog is egter as die leiersfiguur of "Kaptein" beskou. Volgens 'n bevolkingsensus was daar in 1927 altesaam 829 mense in Oorlog se reservaat woonagtig, 426 by Muhona Katiti en 378 by Kasupi se opvolger Kahewa-Nawa. Buite dié reservate het ongeveer nog soveel mense in Kaokoland gewoon.[24]

Oorlog se pad in Kaoko was nie met rose besaai nie. Benewens Muhona Katiti se teenkanting, het die groep Okahandja-Herero wat saam uit Angola gekom het en hom teen wil en dank as hulle kaptein erken het, voortdurend tekens van afskeiding getoon. Hulle leier, Salatiël, het intussen na Waterberg teruggekeer en hulle kop het ook soontoe gestaan.[25] Die geledere van die Herero in Kaokoland is verder versterk toe 'n aantal hoofmanne vanuit Outjo se omgewing hulle in 1925 in suidelike Kaoko gevestig het.[26] In dié omstandighede het Oorlog soms 'n houding wat aan die outoritêre gegrens het, ingeneem. Manning se opvolger as naturelle-kommissaris vir Ovamboland en die Kaokoveld, C.H.L. Hahn, verduidelik sy posisie in 1927 soos volg: "Chief Oorlog, as usual, is the dreaded man in the Kaokoveld, principally because of his 'slim' ways and associates, i.e. his Oorlams followers and relatives who are always ready to make trouble with the savage Ovahimbas. Of late several of the principal Ovahimba natives have left his area and gone over to Muhona Katiti. Although Oorlog very much resents this I have given him very clearly to understand that natives will live where they receive fair treatment and are left unmolested. A feeling of dissatisfaction appears to be brewing amongst certain of his Herero followers also and Oorlog is finding it more and more difficult to keep his band playing in tune." Hahn het Oorlog as iemand van buitengewone intelligensie en persoonlikheid beskou, "and if it were not that his subjects are comprised of such mixed sections, causing many complications, he would make an ideal native ruler."[27]

Die Administrasie het in 1926 'n polisiepos by Otjimuhaka (d.i. Swartbooisdrif) aan die Kunene geplaas, wat, in samewerking met Oorlog, toesig oor Kaokoland moes hou. Hulle het gereeld patrollies onderneem en verslag aan Hahn in Ondangwa gedoen. Hahn het voortgegaan om die gebied periodiek te besoek en opeenvolgende Administrateurs van Suidwes-Afrika het ook daarheen gereis.[28] Oorlog, wie se gesondheid begin verswak het, het Hahn in Desember 1933 op Ondangwa besoek, veral met die oog op 'n komende hofsaak teen een van sy vernaamste vertrouelinge en een van sy seuns, waarin eersgenoemde later deur die Rondgaande Hof op Otjiwarongo aan moord skuldig bevind is.[29] Die rol van die polisie en die geleentheid vir hoofmanne om self sake met Hahn en ander besoekende amptenare te bespreek, het geleidelik daartoe gelei dat die gesag van die tradisionele leier swakker geword het. Kasupi is in ongeveer 1923 oorlede en deur Kahewa-Nawa opgevolg, wat egter

---

23. NAW: LOU 3/1/1 Correspondence Native Affairs Department 2/2/1920 Complaints, Confidential C.N. Manning - Secretary SWA, 21-5-1923; N.J. van Warmelo, *Notes*, pp. 3-4.
24. NAW: NAO 18 11/1 Monthly and annual reports, 1924-1928, Annual report 1928, Officer in charge Native Affairs Ovamboland (NAO), 12-12-1928.
25. NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 1 Kaokoveld General, 1925-1930, Verklarings deur Thomas Mutate en Wilhelm Tjirie.
26. N.J. van Warmelo, *Notes*, p. 20.
27. NAW: NAO 18 11/1 Monthly and annual reports, 1924-1928, Monthly report for June and July 1927, Officer in charge NAO, 11-8-1927, en Annual report 1927, 27-12-1927.
28. NAW: NAO 27 22/1 Tours to Ovamboland, [Program van die Administrateur se toer deur Ovamboland en Kaokoveld, 1925]; NAO 18 11/1 Monthly and annual reports, 1924-1928, Monthly report for March 1926, Officer in charge NAO, 31-3-1926, en Officer in charge NAO - Secretary SWA, 17-5-1926; PTJ 1 4/R Monthly reports Police Station Tshimhaka, 1926-1931, Officer in charge NAO - Secretary SWA, 28-4-1926.
29. NAW: NAO 19 11/1 Monthly and annual reports, 1933, Annual report 1933, Native Commissioner Ovamboland, 2-1-1934; NAO 29 24/3 Kaokoveld: complaints and enquiries, 1935-1944, Verklarings deur Moses, 11-11-1935, en Thomas Mutate, 13-2-1938.

met 'n sterk afskeidingsgroep te doen gehad het.[30] Muhona Katiti is in September 1931 oorlede en deur sy broer Karuvapa opgevolg.[31] Karuvapa was egter 'n sieklike man en Kahewa-Nawa is in 1935 oorlede,[32] sodat die hele tradisionele hoofmanstelsel in 'n krisis beland het. Hahn het besef dat Oorlog Tom op 72-jarige ouderdom nie verder 'n sterk en samebindende rol in Kaokoland kon speel nie en was terselfdertyd ook van mening dat daar nie 'n sterk opvolger vir hom was nie.

Die kwessie van gesagsuitoefening in Kaokoland was sedert Manning se eerste besoek in 1917 nie meer in die hande van die tradisionele gesagsorgane van die gebied se inwoners nie. Oorlog self het nie 'n onbetwiste tradisionele gesagsbasis gehad nie en hy moes hom hoe langer hoe meer op die steun van die Administrasie verlaat. Breër belange, beleid en administratiewe stelsels het 'n nuwe raamwerk geskep. Die Administrateur, dr. D.G. Conradie, en Hahn het die hoofmanne van Kaokoland op 9 Julie 1936 by Kaoko-Otavi ontmoet en voorbrand gemaak vir 'n tweede vergadering van Hahn met die hoofmanne teen die einde van Julie op dieselfde plek. By laasgenoemde geleentheid is besluit om af te sien van die ou stelsel waardeur die betrokke hoofman sake verhoor en geskik het. Die stelsel van stamrade, wat stamhoofde bygestaan het, en wat reeds in Ovamboland in swang was, is aanvaar. Hoofmanne is derhalwe aangewys vir die Herero-gedeelte van die bevolking, asook vir die Himba/Tjimba-gedeelte, wat onder leiding van hulle onderskeie seniors, naamlik Oorlog en Karuvapa, tweemaandeliks gesamentlik by Okorosave sou byeenkom om sake en klagtes aan te hoor en te ondersoek. Hierdie stamvergadering was bekend as die *Ombongarero yomuhoko.*[33] Die Administrasie het terselfdertyd voorbereidings begin tref om 'n permanente amptenaar in Kaokoland te plaas. 'n Kantoor is by Opuwo (destyds bekend as Ohopoho) opgerig, waar die eerste amptenaar, A.M. Barnard, in 1939 diens aanvaar het.[34]

Oorlog Tom se gesondheid het gedurende die tweede helfte van 1936 vinnig agteruit gegaan. Hy het vir mediese behandeling na die Finse sendinghospitaal op Onandjokwe in Ovamboland gegaan, vanwaar hy in Januarie 1937 na die naturelle-hospitaal in Windhoek oorgeplaas is.[35] Sy kwaal is as kanker aan die basis van die tong gediagnoseer. Teen die laaste week van Mei het hy gevoel dat hy sy kragte sodanig herwin het dat hy liewer huis toe wou terugkeer.[36] By sy aankoms op Ondangwa was hy in 'n toestand van totale ineenstorting en op 22 Junie 1937 is hy op pad tussen Ongandjera en Ukwaluudhi oorlede.[37] Hy is daar in die teenwoordigheid van enkele van sy gesinslede begrawe.[38] In 1984 is hy by Opuwo herbegrawe.

---

30. NAW: PTJ 1 4/R Monthly reports Police Station Tshimhaka, 1926-1931, Monthly report for June 1930.
31. NAW: NAO 28 24/1/1 Vol. 2 Kaokoveld General, 1931-1935, Native Commissioner Ovamboland - Secretary SWA, 6-10-1931; NAO 19 11/1 Monthly and annual reports, 1931, Monthly report for Sept. and Oct. 1931, 16-11-1931.
32. NAW: NAO 19 11/1 Monthly and annual reports, 1935, Monthly report for Nov. and Dec. 1935, 13-1-1936, en Annual report 1935, 3-1-1936.
33. NAW: NAO 27 22/1 Tours to Ovamboland, 1925-1946, [Program van Administrateur se toer deur Ovamboland en Kaokoveld, 1936]; NAO 29 24/2 Kaokoveld: Chiefs and headmen, 1924-1943, C.H.L. Hahn - P. du Buisson, 17-9-1936.
34. NAW: NAO 19 11/1 Monthly and annual reports, 1936, Annual report 1936, 9-1-1937; N.J. van Warmelo, *Notes*, p. 3; NAO 19 11/1 Monthly and annual reports, 1937, Monthly report for Aug. 1937, 6-9-1937.
35. NAW: NAO 106 Diaries kept by Native Commissioner, 1935-1938, Diary, 8-11-1936; NAO 29 24/2 Kaokoveld: Chiefs and headmen, 1924-1943, Native Commissioner Ovamboland - Dr. A. Melander, 30-11-1936, en Native Commissioner Ovamboland - Assistant Native Commissioner Windhoek, 6-1-1937.
36. NAW: NAO 29 24/2 Kaokoveld: Chiefs and headmen, 1924-1943, Telegram Secretary SWA - Native Commissioner Ovamboland, 26-1-1937, en Acting Chief Native Commissioner - Officer in charge Native Affairs Tsumeb, 26-5-1937 en aantekening.
37. NAW: NAO 20 11/1 Monthly and annual reports, 1937, Monthly report for June 1937, Acting Native Commissioner Ovamboland, 17-7-1937.
38. Onderhoud, E.L.P. Stals met Joël Kapi e.a., Okorosave, 21-2-1989.

Die lewensverhaal van enige leiersfiguur laat die lig op ten minste twee belangrike elemente val wat vir die historikus, wat hom of haar ten doel stel om die verlede beter te verstaan, van nut is. Dit gee 'n insig in die wyse waarop die samelewing of gemeenskap funksioneer en dit verskaf 'n konkrete voorbeeld van die tipe produk wat daardie samelewing of gemeenskap in die breër wêreld instoot. Dit beteken egter nog nie noodwendig dat so 'n voorbeeld as tipies van die hele gemeenskap beskou moet word nie, maar dit kan wel 'n spieëlbeeld wees van strominge wat binne so 'n gemeenskap werksaam is. Die indiwidu vertoon steeds 'n eie identiteit en moet binne die parameters van tyd en ruimte optree. Uiteindelik werk indiwidu en gemeenskap wedersyds op mekaar in, wat dit noodsaaklik maak dat albei geken moet word ten einde die verlede te verstaan. Terwyl die tegnologiese aard van die Westerse samelewing (geskrewe bronne, openbare media, navorsingspublikasies) sy leiersfigure helderder in fokus bring, maak die sosiale aard van die tradisionele samelewing dit veel moeiliker om die indiwiduele leier na vore te laat tree. Tog help 'n begrip van die gemeenskap deur wie die leier in die wêreld ingestoot is, baie om ten minste dié fasette van hom wat óók tipies van die gemeenskap is, te verstaan. Deur die gemeenskap te verstaan, groei daar dus ook begrip vir die indiwidu as lid van die gemeenskap. Vir dié fasette wat aan die leier 'n indiwidualiteit gee, is die navorser egter op mondelinge bronne en skriftelike en beeldgetuienis (in soverre dit bestaan) afhanklik.

In die geval van Vita (Oorlog) Tom moet uit die aard van die saak sterk op die strukture en funksionering van die tradisionele Hererogemeenskap gesteun word. Die gemeenskap, selfs in die geval van die tradisievaste Herero (veral die Himba), moet egter ook nie as 'n statiese, deurgaans konsekwente determinant beskou word nie. Uit bostaande verhaal is dit duidelik dat Vita die Hererotradisie in verskillende omgewings en tye ervaar het. Dis verder duidelik dat die Hererotradisie self aan die invloede van sendingwerk, handel, die gediversifieerde bevolkingsamestelling van Suid-Angola, en aan die Portugese, Duitse en Suid-Afrikaanse administrasies blootgestel was. Verdelings en verhoudings binne die geledere van die Herero (Okahandja, Omaruru, Himba, Tjimba) het verder tot vloeibaarheid te midde van tradisie aanleiding gegee. Onder Vita se twintig vroue was daar Nama, Herero, Himba en ander groepe verteenwoordig, wat binne sy eie groot huishouding by Chevia en Otjiyanyasemo 'n verskeidenheid in taal, kleredrag en opvoeding van kinders gebring het.

Wat skriftelike bronne betref, het Vita se vader, Tom Botswana, se betrokkenheid by die aktiwiteite van C.J. Andersson meegebring dat heelwat inligting oor hom in Andersson se dagboek en reisbeskrywings neerslag gevind het. Vita self kom eers met betrekking tot 1885 in die geskrewe *memoires* van William Chapman[39] ter sprake. Sy betrokkenheid by die Portugese optrede in Angola word in die dokumente van die koloniale bewind in Luanda (wat nie vir hierdie studie geraadpleeg is nie), persberigte en publikasies vanuit die kring van die Afrikaner-Boere in Angola weerspieël. Manning se amptelike verslae oor sy drie besoeke aan die Kaokoveld, Hahn se verslae en dagboek en die verslae van die polisie van Otjimuhaka vorm die hoofbronne t.o.v. die laaste twintig jaar van Vita se lewe.

Die insameling van mondelinge getuienis het met die samewerking van 'n kleinseun van Vita Tom, hoofman Johannes Ruiter van Oruhona in Kaokoland, plaasgevind. Dit het onder meer die saamstel van 'n volledige genealogie met sowat 600 name ingesluit. Laasgenoemde taak is met groot noukeurigheid deur Antje Otto-Reiner, wat aan die Staatsmuseum in Windhoek verbonde was, uitgevoer. Die navorsing in sy geheel is deur twee antropoloë, proff. J.C. Kotzé van die Randse Afrikaanse Universiteit en H.P. Steyn van die Universiteit van Stellenbosch, met advies en deelname aan die veldwerk begelei.

---

39. NAW: Accessions 233 J. and W.C. Chapman, 1849-1928, 'Memoires by William Chapman, 1918', p. 113.

Navorsing van hierdie aard dui daarop dat historiese figure in samehang met die samelewing van hulle tyd wel met vrug bestudeer kan word, ook in die geval van nie-westerse gemeenskappe in Suider-Afrika. Dit word deur verskeie studies wat reeds op dié terrein gedoen is, bevestig.[40] Die aanloklikheid van ideologiese en politieke dienstigheid is egter voor die hand liggend. Deur dié navorsing te doen, behoort doelbewus gewerk te word aan die verryking van die navorsingsmetode en bronnekritiek. Dit behoort ook 'n beter begrip van die Suider-Afrikaanse samelewing te bevorder.

---

40. Vgl. die werk van J.B. Peires, bv. *The House of Phalo. A history of the Xhosa people in the days of their independence* (Johannesburg, 1981).